

## Maandag 24 Junie

<b>Skrifgedeelte: Jesaja 53:1-5; 52:13-15</b>	<b>Fokusgedeelte: Jesaja 53:5</b>
---	-----------------------------------

### Ter wille van *ons* is *Hy* deurboor

Jesaja 53 word deur sommiges die “Evangelie van die Ou Testament” genoem. Die gestalte van Christus as Lydende Dienskneg verrys onmiskenbaar in hierdie gedeelte as profesie van die regverdiging wat sou kom:

- Ons lees van groot lyding – Jesaja 52:14 sê Hy verbrysel en vermink sou word sodat Hy onherkenbaar sal wees.
- Ons beleef daarin hoe Hy verag is: soos ’n onmerkwaardige loot spruit Hy uit, soos ’n wortel in droë grond – sonder gestalte of heerlikheid. Van almal verlate (vs 2-3).

Tog eindig die lyding nie hier nie. *Hy* is *deurboor*, lees ons in vers 5. *Hy* is *verbrysel*, *Hy* bring vrede, *Hy* verwyder alles wat ’n struikelblok in ons verhouding met God is.

*Ons* sondes en *ons* ongeregtigheid, *ons* rebellie teen God en *ons* moedswilligheid en *ons* swakheid – dit is die oorsaak van die lyding wat Hy in ons plek gewillig dra.

Dikwels kla ons doodsvyande ons aan – veral as ons voor ’n liefliedsonde struikel en bring ons op ’n punt van desperaatheid sodat ons selfs in ons verlossing sou twyfel. Daarom het ons telkens die versekering van Christus se volle plaasvervangende lyde en sterwe in ons plek nodig.

By die genade van die Woord wat ons dan verseker dat Hy die “*straf wat vir ons die vrede aanbring*” dra, voeg God die vreugdevolle versekering van sy nagmaal: dat ek met my oë sien en verseker word met die ontwyfelbare tekens van Christus se liggaam en bloed dat Hy aan die kruis geoffer en gebreek is, dat sy bloed vir my gestort is (HK 28:75).

Ons lewe as geregverdigdes met ’n onvervreembare blydschap: Ek kan Christus gehoorsaam volg, omdat Hy alles volbring het.

*Sing: Skrifberyming 5-4:1, 2*

*Ds. J-L Lee (Jan-Louis) (Pietersburg-Noord)*